**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

**KENNISGEWING 230 VAN 2016**

## PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP GEREGSHOWE, 2016

1. Kragtens reël 241(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wysigingswetsontwerp op Geregshowe, 2016, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 241(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp het ten doel om die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), te wysig ten einde:

(a) 'n woordomskrywing in te voeg;
(b) die tersydestelling van vonnisse waar die skuld vereffen is, te reguleer;
(c) jurisdiksie met toestemming van partye verder te reguleer;
(d) die betaling van skulde in paaiemente of andersins verder te reguleer;
(e) toestemming tot vonnis en bevele vir betaling van vonnisskulde in paaiemente verder te reguleer;
(f) aanbiedinge deur vonnisskuldenaars na vonnis verder te reguleer;
(g) die uitreiking van besoldigingbeslagbevele verder te reguleer;
(h) die skuldinvorderingsprosedure na vonnisse deur 'n hof van 'n streekafdeling gevel, verder te reguleer;
(i) die opskorting van eksekusie by betaling van periodieke paaiemente of toestemming tot skuldbeslagbevel, verder te reguleer;
(j) die afstanddoening van vonnisse verder te reguleer;
(k) vir sekere misdrywe en strawwe betreffende vonnisse, besoldigingbeslagbevele en paaiementsbevele voorsiening te maak;
(l) vir oorgangsbepalings voorsiening te maak; en
(m) vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

4. Die Wetsontwerp beoog ook om die Wet op Hoër Howe, 2013, te wysig ten einde voorsiening te maak vir die tersydestelling van vonnisse met toestemming en die tersydestelling van vonnisse waar die vonnisskuld vereffen is en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

5. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.pmg.org.za en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by www.justice.gov.za gevind word en, na indiening, ook verkry word van die Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnommer: (021) 465-7531).